

PROFESSIONELE VERENIGING VIR AFRIKAANS-TAALONDERRIG IN NAMIBIË

GRONDWET

1. Naam

Die naam van die Vereniging sal wees die *Professionele Vereniging vir Afrikaans-taalonderrig in Namibië* (PVATN), voortaan “die Vereniging”.

2. Doelstellings

Die doelstellings van die Vereniging sal wees

- 2.1 die bevordering van Afrikaans as vak aan Namibiese skole;
- 2.2 die fasilitering van kontak en kommunikasie tussen Afrikaansonderwysers in Namibië;
- 2.3 die daarstel van ’n fasiliteit waardeur Afrikaansonderwysers ’n gevoel van professionele samehorigheid, onderlinge professionele kontak en kommunikasie en ’n gevoel van professionele sin kan ontwikkel en handhaaf;
- 2.4 die daarstel van ’n forum wat uit Afrikaansonderwysers bestaan wat in mekaar se ondervinding en kundigheid kan deel deur kongresaanbiedings en publikasies wat deur die Vereniging georganiseer, geproduseer en versprei word;
- 2.5 om die ministeries gemoeid met onderwys by te staan in die indiensopleiding en opknapping van Afrikaansonderwysers;
- 2.6 om van hulp te wees in die voorsiening in materiële behoeftes vir die onderrig van Afrikaans in skole;
- 2.7 om van hulp te wees in die handhawing en verbetering van onderrig- en leerstandaarde in die vak Afrikaans;
- 2.8 om met instellings met soortgelyke doelwitte te skakel.

3. Lidmaatskap

3.1 Die volgende kategorieë van lidmaatskap sal bestaan:

- 3.1.1 Individuele lidmaatskap: primêr Afrikaansonderwysers, -dosente, onderwyskundiges en personeel van die ministeries gemoeid met onderwys. Enige ander belangstellendes wat die doelstellings van die Vereniging onderskryf.
- 3.1.2 Erelidmaatskap mag deur die Bestuur (kyk paragraaf 5) aan enige persoon toegeken word wat uitstaande bydraes tot die veld van Afrikaansonderrig gelewer het. Sodanige lede sal vrygestel wees van ledegelde, maar sal geen stemreg hê nie.
- 3.1.3 Groeplidmaatskap mag deur die Bestuur aan organisasies en skole toegeken word. Ledegelde sal vier maal die waarde van individuele ledegelde wees. Vier eksemplare van alle publikasies en korrespondensie van die Vereniging sal aan groeplede gestuur word, en sal aan ’n aangewese persoon geadresseer word wat die groeplidmaatskap verteenwoordig. Slegs een stem sal per groeplidmaatskap toegelaat word.

- 3.2 Die Bestuur sal die waarde van ledegelde vir die verskillende kategorieë van lidmaatskap bepaal. Na die betaling van ledegelde sal 'n lid van die Vereniging geregtig wees om publikasies en ander materiaal teen 'n verlaagde tarief te bekom waar moontlik en van toepassing.
- 3.3 Lede mag hulle reg om oor enige aktiwiteite van die Vereniging te stem uitoefen wanneer hulle persoonlik teenwoordig is by 'n algemene of spesiale vergadering van die Vereniging.
- 3.4 Die Bestuur mag enige lid se lidmaatskap om geldige redes opskort.

4. Vergaderings

- 4.1 Die Vereniging sal vergaderings hou soos deur die Bestuur bepaal, maar 'n algemene vergadering sal ten minste elke twee jaar plaasvind.
- 4.2 Geouditeerde finansiële state van die Vereniging se fondse sal aan die algemene vergadering voorgelê word vir goedkeuring deur die teenwoordige lede.
- 4.3 Die kworum by spesiale of algemene vergaderings van die Vereniging sal uit een derde van die geregistreerde lede van die Vereniging bestaan.
- 4.4 'n Spesiale vergadering kan ter enige tyd wanneer die Bestuur dit nodig ag of op versoek van minstens twintig (20) geregistreerde lede afgekondig word met 'n maand se kennis van die datum, tyd, plek en doel van die vergadering.

5. Die Bestuur

- 5.1 Die bestuur en beheer van die Vereniging sal in die Bestuur gesetel wees, wat sal bestaan uit:
 - 5.1.1 'n President;
 - 5.1.2 ten minste agt (8) ander verkose lede wat die vier basiese onderrigfases (junior primêr, senior primêr, junior sekondêr, senior sekondêr) asook eerste- en tweedetaalonderrig verteenwoordig;
 - 5.1.3 gekoöpteerde lede (soos nodig) wat goeie betrekkinge met die Vereniging handhaaf.
- 5.2 Die Bestuur sal tydens 'n algemene vergadering van die Vereniging gekies word en sal vir 'n termyn van twee (2) jaar dien.
- 5.3 'n Uittredende lid van die Bestuur sal herverkiesbaar wees, tensy hy/sy hom-/haarself nie vir herverkiesing beskikbaar stel nie.
- 5.4 Die President kan twee opeenvolgende termyne dien, maar kan weer verkiesbaar word na die verstryking van 'n volgende termyn.
- 5.5 Die kworum vir 'n behoorlik gekonstitueerde Bestuursvergadering sal uit 50% van die lede van die Bestuur bestaan.

- 5.6 Die Bestuur sal die mag hê om sy werk aan 'n Uitvoerende Komitee, wat uit die Bestuur se geledere verkies is, te delegeer.
- 5.7 Die Bestuur sal 'n Visepresident, Sekretaris en Tesourier aanwys. Die Visepresident moet uit die lede van die Bestuur aangewys word, terwyl die Sekretaris en Tesourier gekoöpteer kan word uit ander geregistreerde lede.
- 5.8 Die Bestuur sal by magte wees om lede tot die Bestuur te koöpteer.
- 5.9 Die verantwoordelikhede van die Bestuur sal wees:
 - 5.9.1 om toe te sien dat die doelstellings van die Vereniging uitgevoer word;
 - 5.9.2 om na die finansiële sake van die Vereniging om te sien, waaronder die opening van bankrekeninge soos nodig geag, die behoorlike boekhou van rekeninge, die voorlegging van geouditeerde finansiële state, ens.;
 - 5.9.3 om die ledegelde in die verskillende kategorieë van lidmaatskap te bepaal;
 - 5.9.4 om toesig oor die publikasie- en ander aktiwiteite van die Vereniging te hou, en om daarvoor personeel aan te stel;
 - 5.9.5 om die stigting van takke van die Vereniging aan te moedig;
 - 5.9.6 om verantwoordelikheid te aanvaar vir die reël en hou van kongresse en/of ander vergaderings van die Vereniging;
 - 5.9.7 om met ander akademiese, professionele en staatsliggame met soortgelyke belange te skakel en saam te werk;
 - 5.9.8 om enige subkomitees aan te stel wat nodig sou wees om die werk van die Vereniging uit te voer;
 - 5.9.9 om enige nodige regulasies te formuleer wat onmiddellik van krag sal wees, binne die raamwerk van hierdie Grondwet. Sodanige regulasies sal aan 'n algemene of spesiale vergadering van die Vereniging vir goedkeuring, regstelling en/of wysiging voorgelê word.
 - 5.9.10 Enige klagte wat teen 'n lid van die Vereniging ingebring word, sal deur die Bestuur ondersoek word. Die Bestuur sal, indien nodig, die gepaste stappe teen sodanige lid doen.
- 5.10 Die Bestuur sal by magte wees om 'n individu, groep of instelling deur middel van 'n ondubbelsinnig gespesifiseerde kontrak aan te stel en finansiël te vergoed om 'n bepaalde taak uit te voer wat direk met die doelstellings van die Vereniging skakel. Die Bestuur sal tydens algemene vergaderings in besonderhede aan die Vereniging verantwoording doen oor die aard en uitkomst van alle sodanige kontrakte.

6. Kongresse, seminare en opleiding

Die Bestuur, of 'n regmatig gedelegeerde subkomitee, sal verantwoordelik wees vir die organisasie van kongresse, seminare en opleidingsgeleenthede. Koste sal versprei word soos vooraf met die gasheerinstelling ooreengekom is.

7. Fondse

- 7.1 Die Vereniging sal 'n fonds stig om die onkoste van die Vereniging te delg. Sodanige fonds mag ook aangewend word vir ander waardige doeleindes waarop die Bestuur mag besluit, onderhewig aan paragraaf 7.2.
- 7.2 Die Vereniging sal nie aanspreeklik wees vir enige finansiële laste of tekorte wat voortspruit uit die ongrondwetlike optrede van Bestuurslede nie.

8. Wysiging van die Grondwet

Hierdie Grondwet mag gewysig word deur 'n twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig by 'n algemene vergadering of 'n spesiale vergadering vir dié doel afgekondig. Volledige kennis van voorgestelde wysigings aan die Grondwet sal deur die Sekretaris van die Vereniging aan alle lede gegee word ten minste een maand voor die vergadering waartydens sodanige voorgestelde wysigings ter tafel gelê word.

9. Ontbinding van die Vereniging

- 9.1 Die Vereniging mag ontbind word deur 'n 75% meerderheid van die lede teenwoordig by 'n vergadering spesiaal afgekondig vir die oorweging van ontbinding.
 - 9.2 By ontbinding of likwidasië van die Vereniging sal die netto bates geadministreer word as 'n trust deur 'n ander organisasie of vereniging wat vir dié doel aangewys is.
-